

14 Oktober Openbaring 3:14-22; HK Sondag 52(128,129)

Pleitgrond van die gebed se afsluiting

Die gebed wat Jesus ons geleer het begin in die hemel met God se Naam, sy koninkryk, en sy wil. Daarna daal dit af na ons nood en stryd. Uiteindelik eindig dit weer in die hemel met die aanbidding van God in sy Koningskap, sy krag en sy heerlikheid. 'n Aanbidding waarin die pleit-roep lê: "omdat U as Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee". Self het ons niks om op te pleit nie. Uit onself kan ons niks doen nie. Ons kan self niks aanvoer as rede waarom God ons gebed moet verhoor nie. Maar dit hoef nie. Dit mag selfs nie! Ons pleit alleen op sy eie aanbiddelike Koningskap en krag en heerlikheid.

Daarom sluit ons ons gebed met 'n amen af. Dit is nie die punt aan die einde van ons gebed nie, maar die vasgryp aan Jesus Christus en sy versoeningsbloed. Want Hyself is die Amen, die Getroue en Waaragtige Getuie wat al God se beloftes waar maak. Deur Jesus Christus en sy verlossingswerk word al God se beloftes uitgevoer. Só, dat elke gelowige daardie beloftes mag nasê: "Dit is waar en seker".

Sing: Psalm 66:9

Ds. J.H. Cilliers (Standerton)